# Hoe om pasta vir Voortrekkerwerk te gebruik

Pasta is baie goedkoop. Jy kan dit in Voortrekkerwerk gebruik.

## ? Stappe

1. **Ossewaens met pasta**
   Vertel kortliks die geskiedenis van die Groot Trek.

Die Groot Trek, word dit genoem... duisende Boere van die Kaapse oosgrens wat met ossewaens die trekpad noordwaarts gekies het. Net die nodigste kon saamgeneem word. Baie wat vir hulle dierbaar was, moes hulle agterlaat. Oor berge en deur riviere het die wawiele geknars na wat sekere landsverhuisers romanties as die "Beloofde Land" beskou het.
Die werklikheid was dikwels veel minder romanties. Dit het selfs honderde se dood gekos. Maar hoeveel anders Suid-Afrika vandag sou gelyk het as daar geen Groot Trek was nie, kan geen mens hom werklik indink nie. Daarvoor lê die spore van hierdie ou pioniers eenvoudig te diep in ons geskiedenis ingegrif.
Soos 'n Afrikaner-geskiedkundige sê: "Alle Afrikaanssprekendes wat nog hul Afrikanerskap in ere hou, sal nie kan vergeet hoe hul volk sy eintlike beslag in die Groot Trek gekry het nie."
Die Groot Trek word saaklik beskryf as die georganiseerde verhuising van tussen tien- en twaalfduisend Afrikaners in die jare dertig van die 1800's uit die oosgrensdistrikte van die destydse Kaapkolonie na die binneland. Hulle sou later die Voortrekkers genoem word.
http://www.mieliestronk.com/groottrek.html

Jy benodig gom (*Ponal*), papier en verskillende tipes pasta. Druk eers die pasta-stukkie se onderkant in die gom. Gebruik dan verskillende tipes pasta om 'n prentjie van 'n ossewa te bou.

2. **Macaronie – krale.**
   Gebruik pasta / macaroni met 'n groot genoeg gaatjie om 'n toutjie deur te ryg. Verf die pasta / macaroni blou, rooi en wit. Jy kan ook spuitverf gebruik. Wag dat dit droog is. Ryg nou die macaroni in volgorde van rooi, wit en blou. Hierdie aktiwiteit kan jy doen nadat jy enige Voortrekkerwerk gedoen het.

3. **Macaroni en spaghetti geweertjies**
   Hierdie is baie pret vir kinders. Neem een macaroni. Die gaatjie van die macaroni moet redelik oop wees. Die macaroni moet 'n boog vorm. Neem spaghetti en druk dit by die een punt van die macaroni stadig in. Klein stukkies spaghetti skiet by die voorpunt uit. Dit is groot pret om mekaar te skiet.

## ☺ Wenke

1. Sing die volgende liedjie (**Ossewaens met pasta)**:

**DIE SWEEP HET GEKLAP**

Die sweep het geklap en die wawiele draai
Al agter die rooispan aan.
Ons harte is swaar, die skeiding is daar
Van die plaas waar ons tuiste staan.
**KOOR**
Trek oor die vlakte en trek oor die rand
Stadig nou! Briek aandraai!
Hotagter! Haaragter! Vat nou die wa!
Geluk lê net om die draai!
Uitspan vanaand, Uitspan vanaand,
Uitspan op Mooifontein!
Hotagter! Haaragter! Vat nou die wa!
Geluk lê net om die draai!

2. Speel met die macaroni en spaghetti geweertjies op ‘n plek waar daar maar stukkies spaghetti gemors kan word. Dit si nie ‘n goeie plan om dit in ‘n huis te speel nie.

## ☠ Waarskuwings

1. Sorg dat jy genoeg spaghetti vir die macaroni-geweertjies het. As die kinders eers begin speel, hou hulle nie daarmee op nie.

## 🕮 Bronne

1. http://www.mieliestronk.com/groottrek.html